# Hey!Brokkies Nuus
# 31 Julie 2011

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**1.ONS Sê 'N SPESIALE DANKIE:**



Lawrencia se graad 9 leiers en personeel Mag 1Tim 2:3-4 waar wees vir elkeen !

**GETROUE DONATEURS EN GEE AAN GOD DIE EER HIERVOOR! "So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom"1 Tim 2:3-4** Hey! word in staat gestel om gehoorsaam te wees aan hierdie vers deur fondse van **donateurs** wie die eer aan God wil gee vir Sy voorsiening wat hulle in staat stel om te kan saai! Terwyl ons met die kinders werk is baie van julle besig om besigheidstransaksies te doen, in die markplek te arbei, te reis en te swoeg! Wees verseker dat die vrug op jul arbeid groot is en 'n reuse verskil maak! **BAIE DANKIE julle is "Kingdom builders"!**

**2. Derde kwartaal by die skole:** Na die lang vakansie het lesse dadelik afgeskop en ons is dankbaar vir baie kinders wie 'n keuse vir Jesus gemaak het die laaste 2 weke. Dis altyd spesiaal om te ervaar hoe **die Heilige Gees harte oortuig en die passie waarmee die keuse gemaak word!** Ons kry ook ouers wie getuig van die verandering in hul kinders na hul Jesus aangeneem het. Bid vir al die aanbieders vir **wysheid vir al die taai vrae en soms moeilike situasies** waarvoor antwoorde en oplossings gevind moet word in die verskeie groepe. Gelukkig het ons die **Heilige Gees as helper en trooster (Luk 11:13 en Hand 1:8)** soos die fopspeen foto illustreer!



**3. "Make a difference" by Pêrelprojek se kinders:** Dis saliger om te gee as om te ontvang en die saamspeel - en broodjie projek was groot pret vir almal! Kinders kon ook hul ouers bederf met broodjies wat hulle gemaak het.



Pêrelprojek se brodjie projek



**4.** BID ASB VIR:**1.** Belinda wie **Zoar H4K** opleiding doen van 5Aug af **2.Lochnerhof** –wysheid en guns om Hey! program in hele skool uit te rol in 2012 in skooltyd **3.** Een van ons lede ds **Chris Bester in Rusland met EEIII** bid vir uitreik die naweek in Malkovski dorp **4.Zambie uitreik** en fondse **29 Sept - 9Okt**

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann**